**GEBEDSRIGLYNE – NA AFLOOP VAN DIE SINODE**

*Hiermee my opregte dank vir elkeen wat die hele sinodesitting lank getrou in gebed vir ons ingetree het. Dit is die ruggraat van ons vergadering!*

*Soos jy sekerlik ook in die eNuus kan sien, was die vergadering besonder geseënd gewees. My ervaring was dat ons onderskeidend vergadering gehou het, soekend na God se wil. Johannes 4:1-30 het op die ou end deurgans met ons gespreek en ons o.a. ook uitgedaag om grense oor te steek.*

*Die sinodesitting is nou verby, maar ek wil tog vra dat jy asb. nie ophou bid nie. Daarom vir oulaas enkele riglyne vir gebed vir die Oos-Kaapse Sinode:*

Laat U Naam geheilig word

Hou asb. aan om te bid dat God se Naam geheilig sal word in ons sinodale gebied en deur die werksaamhede van die Sinode.

Laat U koninkryk kom

- ✞ By die terugvoer in die eNuus, sal jy die samevatting sien van dít wat ons glo die Here vir die volgende 4 jaar op ons tafel plaas – beskryf met die akroniem “VLOEI”. Bid asb. vir hierdie sake en vir die uitvoering daarvan.
- ✞ Bid vir ds Danie Mouton, wat Vrydag begin as Direkteur Begeleiding. Bid dat die Here hom in hierdie nuwe rol sal lei en toerus.

Laat U wil geskied

- ✞ Bid vir die persone wat vir die interim verantwoordelik is vir die leierskap in die sinodale gebied. Bid vir hulle vir wysheid, dat hulle alles in afhanklikheid van die Here sal doen en voortdurend die Here se wil sal soek.

## Gee ons vandag ons daaglikse brood

- Die sinodesitting het groot eise gestel van elke afgevaardigde – ons het lang ure vergader en moes soms met moeilike sake worstel. Hiervandaan keer al die predikante nou weer terug na hul gemeentes. Baie van hulle moet met die intrapslag regstaan vir verskeie sake en Sondag preek. Bid dat die Here ook vir hulle die nodige rus en krag sal gee vir die volgehoue geestelike dienslewering.

## Vergeef ons ons oortredinge

Bid vir vergifnis waar ons moontlik ongehoorsaam was aan God. Moenie te vinnig hieroor gaan nie, wag op God om aan jou duidelik te maak of daar iets is wat jy dalk moet bely.

## Laat ons nie in die versoeking kom nie

Bid spesifiek dat God ons sal waaksaam maak teen enige vorm van versoeking. Bid ook vir verlossing van die houvas en verblinding van die Bose.

## Aan u behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid.

Spandeer die tyd om net God se grootheid te erken, om te loof en te prys vir wie Hy is.

Met seënwense
Rethie van Niekerk